

- 2 Lewer kommentaar op die likiditeitssituasie van die onderneming. Is dit bevredigend? Verduidelik en motiveer met toepaslike aanwysers. (5)
- 3 Noem die toepaslike aanwyser(s) en lewer kommentaar oor die solvensie situasie van die onderneming. Is dit bevredigend? (4)
- 4 Daar is baie areas waaroor die vennote bekommerd is oor. Noem 2 van hierdie areas en voorsien die vennote met strategieë en veranderinge om hierdie situasies op te los of te verbeter. (10)

[55]

TOTAL: 300

Finale eksamen

Punte: 300

Tyd: 3 ure

Instruksies

- Die vraestel bestaan uit vier vrae. Beantwoord alle vrae.
- Gebruik die verskafte formate voorsien om jou antwoorde in te reflekteer.
- Bewerkings moet getoon word om gedeeltelike punte te verdien.
- Jy moet probeer om te bly by die voorgestelde tydallokasie wat vir elke vraag aangedui is.
- Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Vraag	Punte	Tyd
1: Bankrekonsiliasie en interne beheer	35	20 min
2: Debiteure-invorderingsskedule, Kontantbegroting en kommentaar	42	25 min
3: Vennootskap: Nota oor privaatrekening, Balansstaat en kommentaar	58	35 min
4: Vennootskap: Verhoudings en interpretasies	42	25 min
5: Klubs: Ledegeld en Verversingsrekening	36	22 min
6: Vervaardigings: berekeninge en Grootboekrekeninge	30	18 min
7: BTW, Vaste bates, Periodieke Voorraad, Etiek en Interne beheer	57	35 min
TOTAAL	300	180 min

Vraag 1

(20 minute)

Jy word voorsien met inligting van Trendy Handelaars. Hulle benodig jou hulp met die voorbereiding van hulle Bankrekonsiliasiestaat vir September 20.9. Hulle finansiële jaareinde is op 30 September 20.9. Trendy Handelaars het 'n privaatrekening by Mahle Bank. Die bank voorsien '1% rente p.j. op kredietsaldo's en 10.5% rente p.j. op oortrekking.

Inligting

Die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Augustus 20.8 reflekteer die volgende:

	R
Saldo per Bankstaat (Kt)	22 000
Saldo per BANK rekening in die Grootboek (Kt)	32 300
Uitstaande deposito (gedateer 31 Augustus 20.9)	27 600
Uitstaande tjeks:	
No. 7655 (gedateer 15 Maart 20.9)	2 500
No. 8210 (gedateer 20 Augustus 20.9)	11 400
No. 115 (gedateer 31 Oktober 20.9)	90 000

Tydens die vergelyking van die Bankstaat vanaf Mahle Bank vir September met die KOJ en KBJ vir September 20.9, is die volgende raakgesien:

Item 1	'n Deposito van R27 600 verskyn op die Bankstaat op 1 September 20.9 maar nog nie in die September 20.9 joernale.
Item 2	'n Deposito van R18 600 verskyn in die KOJ op 29 September 20.9 maar nog nie op die September 20.9 Bankstaat.
Item 3	Kommissie inkomste van R5 000 was direk in die bankrekening van Trendy Handelaars deur Fay Produkte gedeponeer. Dit verskyn op die Bankstaat maar nie in die joernale nie.
Item 4	Bankkoste van R535 verskyn op die Bankstaat maar nie in die joernale nie.
Item 5	Rente van R205 was gekrediteer op die Bankstaat, maar nog nie in die joernale aangeteken nie.
Item 6	Die Bankstaat reflekteer 'n gedishonoreerde tjek van R1 900. Hierdie tjek was oorspronklik aangeteken in die KOJ op 5 September 20.9. Dit was ontvang vanaf R Rick ter vereffening van sy skuld van R2 250.
Item 7	Die Bankstaat reflekteer 'n gunstige saldo van R60 000 op 15 September 20.9. Trendy Handelaars het 'n direkte oordrag aan Fleur Bank vir R50 000 teen 5.5% p.j. deurgesit. Dit was om 'n hoër opbrengs op 'n vaste deposito vir 6 maande te maak. Hierdie transaksie is in die joernale aangeteken maar verskyn nog nie op die Bankstaat nie.
Item 8	Tjek No. 7655 is verouderd en moet gekanselleer word. Die tjek was oorspronklik uitgereik as 'n donasie aan die Caring Children's Home maar het verlore geraak. Daar is besluit om die donasie te vermeerder en 'n nuwe tjek, No. 8351, vir R3 000 was uitgereik aan die Caring Children's Home. Hierdie tjek is nog nie in die KBJ aangeteken nie en die Caring Children's Home het nog nie die tjek gedeponeer nie.
Item 9	Op 30 September 20.9, 'n debiteur DE Lay, 'n tjek gedateer 30 Oktober 20.9 van R6 100 vir die vereffening van sy skuld, as betaling aangebied. Die Bank het nie hierdie tjek gedeponeer op 30 September 20.9 aanvaar nie. Hierdie tjek vanaf DE Lay is nog nie in die joernale aangeteken nie.
Item 10	Tjek Nr. 8210 vir R11 400 verskyn op die September 20.9 Bankstaat maar nog nie in die September 20.9 joernale nie.
Item 11	Tjek Nr. 8349 vir R7 700 verskyn in die September 20.9 KBJ maar nog nie op die September 20.9 Bankstaat nie.

Item 12	A diverse inskrywing van R22 verskyn op die Bankstaat op 16 September 20.9. Hierdie is 'n inskrywing (bedrog) deur 'n bankwerknemer. Die R22 verskyn ook op die Bankstate op 16 Julie 20.9 en 16 Augustus 20.9. Trendy Handelaars het hierdie bedrae as 'bankkoste' in die KBJ vir Julie 20.9 en Augustus 20.9 aangeteken. Mahle Bank het ingestem om hierdie drie bedrae onmiddellik terug te skryf.
Item 13	Die Bankstaat toon 'n gunstige saldo van R30 048 op 30 September 20.9.

Gevra

- 1 Identifiseer die items wat in die KOJ ingesluit moet word. (8)
- 2 Identifiseer die items wat in die KBJ ingesluit word. (6)
- 3 Stel die Bankrekonsiliasiestaat op 30 September 20.9 op. (9)
- 4 Verduidelik hoe jy tjek nr. 115 vir R90 000 met die voorbereiding van die finansiële state op 30 September 20.9 sal hanteer. (4)
- 5 In jou opinie, was dit wys dat Trendy Handelaars R50 000 op vaste deposito op 15 September 20.9 belê het? Verduidelik jou antwoord. Verwys na spesifieke syfers of besonderhede van die vraag om jou antwoord te ondersteun. (4)
- 6 Verwys na die inskrywing van R22 op die Bankstaat op 16 September 20.9 (verwys item 12). Trendy Handelaars ontvang 'n oproep vanaf die bankbestuurder om oor die gehalte van hulle diens uit te vra. Wat moet Trendy Handelaars aan hom sê? Voorsien twee bekommernisse. (4)

[35]

Vraag 2

(25 minute)

Jy is voorsien met die inligting vir van Diledi Handelaars, 'n onderneming wat besit word deur Tumi Diledi. Die onderneming koop en verkoop modebykomstighede teen kosprys plus 60%.

Inligting

- 1 Begrote bedrae voorsien

		September	Oktober	November	Desember
Verkope	Kontant	R80 000	R96 000	?	R240 000
	Krediet	R120 000	R144 000	R216 000	?
Handelsvoorraad (aankope)	Kontant	-	-	R160 000	R210 000
	Krediet	-	-	R40 000	R80 000
Onttrekkings	Kontant	-	-	R18 000	R20 500
	Handels-voorraad	-	-	R4 000	R7 500
Oninbare skuld afgeskryf		-	-	R800	R1 160

Addisionele inligting

- Debiteure betaal hulle rekeninge soos volg:
 - » 20% gedurende die maand van die transaksie.
 - » 77% gedurende die eerste maand wat volg op die maand van die transaksie.
 - » Die res sal in die tweede maand wat volg op die maand van transaksie afgeskryf word.
- Krediteure word ten volle betaal in die maand van aankope aan kwalifiseer vir 'n 5% korting.
- Lone
 - » Bonusse word gewoonlik betaal teen die einde van November. Werknemers ontvang 'n bonus van 60% van hulle normal loon.
 - » Lone vir die twee werknemers is R4 500 per maand. Lone vermeerder jaarliks op 1 Desember. Die verhoging word op 7,5% geraam.
 - » Omdat Desember 'n besige tyd is word 2 tydelike werkers gehuur om te help. Die addisionele lone sal 'n totaal van R5 000 beloop.
- Kudu Handelaars beplan om 'n addisionele voertuig van R450 000 op 1 November 20.9 aan te koop. 45% sal op 1 November betaal word en die res sal betaal word in tien gelyke paaieimente beginnende 1 Desember 20.9.
- Die waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 31 Desember 20.9 word bereken teen 20% p.j. volgens die verminderde saldo metode.
- 'n Woonstel, wat deel van die gebou is, word deur Kudu Handelaars verhuur. Die huur word op die eerste dag van elke maand deur middel van 'n stoporder ontvang. Die huur beloop R5 500 per maand. Dit styg met 15% op 1 Desember van elke jaar.
- Die banksaldo teen die einde van Oktober 20.9 is R268 500.

Gevra

- 1 Bereken die invordering vanaf debiteure. (6)
- 2 Voltooi die Kontantbegroting van Kudu Handelaars vir November en Desember 20.9. (31)
- 3 Noem een bedryfsuitgawes, verkry uit die inligting voorsien, wat in die Inkomstestaatsal verskyn, maar nie in die Kontantbegroting nie. (2)
- 4 Die werknemers voel dat 'n 7.5% verhoging van hulle lone onregverdig is. Verskaf een rede waarom jy met hulle saamstem. (3)

[42]

Vraag 3

(35 minute)

Jai Ho en Nkosi Sikele is vennote in die onderneming wat as JN Handelaars handel dryf. Hulle boekhouer het nie die Balansstaatsal voltooi omdat hy op siekeverlof is. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 20.9

HOOFSTUK 11

R

Kapitaalrekening: J Ho (28 Februarie 20.9)	50 000
: N Sikele (28 Februarie 20.9)	75 000
Privaatrekening: J Ho (1 Maart 20.8) Kt.	8 700
: N Skele (1 Maart 20.8) Dt.	2 000
Onttrekkingsrekening: J Ho	98 000
Onttrekkingsrekening: N Sikele	77 000
Langtermynlening vanaf Soweto Bank (18 % p.j.)	54 000
Vaste bates	?
Krediteurekontrole	65 600
Debiteurekontrole	7 000
Opgelope inkomste / Inkomste ontvangbaar	2 760
Handelsvoorraad	56 700
Verbruiksvoorraad voorhande	1 700
Opgelope uitgawes / Uitgawes betaalbaar	3 800
Kontant voorhande	3 000
Bankoortrekking	2 700
Finansiële bates by Parys Bank	68 000

Addisionele inligting op 28 Februarie 20.9

- 1 Die netto wins vir die jaar was R179 300.
- 2 'n Bedrag van R7 500 vir die langtermynlening is betaalbaar aan Soweto Bank binne die volgende finansiële jaar.
- 3 Die finansiële bates van R68 000 in Parys Bank bestaan uit:
 - 'n Vaste deposito van R18 000 wat op 31 Maart 20.9 verval
 - 'n Vaste deposito van R50 000 wat op 30 Junie 20.10 verval.
- 4 J Ho het die volgende vir sy persoonlike gebruik op 27 Februarie 20.9 geneem:
 - Handelsvoorraad teen kosprys, R400
 - Kontant tjek, R700.Hierdie transaksies is nog nie aangeteken nie.
- 5 J Ho het sy kapitaalrekening verminder deur 'n bedrag van R30 000 kontant uit die onderneming op 31 Mei 20.8 te onttrek. Dit is nie behoorlik te boek gestel nie.
- 6 N Sikele vermeerder sy kapitaalbydrae deur toerusting met 'n waarde van R15 000 aan die onderneming op 28 Februarie 20.9 te skenk. Dit is behoorlik te boek gestel.
- 7 Verdeling van die netto wins tussen die vennote:
- 7.1 Jai Ho is geregtig op:
 - Rente op kapitaal teen 10% p.j. op sy kapitaalbydrae vir die jaar.
 - Salaris van R2 400 meer per maand as van Nkosi Sikele as gevolg van sy bestuurspligte.
 - 'n Bonus van R30 000 was betaal op 31 Desember 20.8
 - Oorblywende winste word verdeel proporsioneel tot hulle vennootskapbydraes soos op die einde van die jaar.

7.2 Nkosi Sikele is geregtig aan:

- Rente op kapitaal van R6 000.
- 'n Jaarlikse salaris van R51 000.
- Gedeelte van oorblywende wins R22 050.

Vennootskapsooreenkoms

Nkosi Sikele beoog om voltyds vir JN Handelaars te werk soos sy ander belange in ondernemings afsluit. Dit sal beteken dat:

- Die vennootskapsooreenkoms verander moet word sodat Nkosi Sikele dieselfde salaris as Jai Ho sal verdien.
- Nkosi Sikele sal in die toekoms die boeke doen omdat hy oor die nodige kwalifikasies beskik.
- Die dienste van die bestaande boekhouer, Bobby Jimmy, wat tans R60 000 'n jaar verdien, sal nie langer benodig word nie. Hy sal vroeë aftrede aangebied word en sal 'n eenmalig betaling van R75 000 vanaf JN Handelaars ontvang en die pensioenfonds sal aan hom 'n maandelikse pensioen gelyk aan 70% van sy salaris betaal.

Gevra

Die volgende notas tot die Balansstaat op 28 Februarie 20.9:

- 1 Voltooi die bedrae in die PRIVAATREKENING vir vennoot J Ho. (13)
- 2 Balansstaat soos op 28 Februarie 20.9. (Toon berekeninge in hakies). (40)
- 3 Dink jy dit sal tot voordeel vir JN Handelaars wees om die dienste van vennoot Nkosi Azanzi op voltydse te bekom en om Bobby Jimmy toe te laat om op aftrede te gaan? Verskaf twee redes vir jou antwoord. Verduidelik jou redes deur te verwys na die vennootskapsooreenkoms. (5)

[58]

Vraag 4

(26 minute)

Die inligting voorsien was verkry vanaf die finansiële state van Ishfay Designers. Die vennote Isha en Fay het hulle binnenshuise versierings onderneming in 20.6 begin.

Inligting

UITTREKSEL VANAF DIE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 20.9

	20.9	20.8
Verkope	570 000	600 000
Koste van verkope	380 000	450 000

UITTREKSEL VANAF DIE BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 20.9

	20.9	20.8
Nie-bedryfsbates	690 000	459 000
Bedryfsbates	160 000	145 000
Totale bates	850 000	604 000
Ekwiteit	420 000	234 000
Kapitaal: Isha	200 000	160 000
Kapitaal: Fay	200 000	80 000
Privaatrekening: Isha	8 000 (Kt.)	2 000 (Kt.)
Privaatrekening: Fay	12 000 (Kt.)	8 000 (Dt.)
Nie-bedryfslaste	360 000	280 000
Bedryfslaste	70 000	90 000
Totale Ekwiteit en Laste	850 000	604 000

Addisionele Inligting

- Die netto wins vir die jaar beloop R58 000.
- Die HANDELSVOORRAAD rekening vir 20.9 was R100 000 en 20.8, R60 000.
- Die volgende finansiële aanwysers was bereken vir 20.8

Verhouding	Resultate
Opbrengs verdien op ekwiteit van vennote	24%
Opbrengs verdien deur Vennoot: Isha	26%
Opbrengs verdien deur vennoot: Fay	23%
Skuld : Ekwiteitsverhouding	1.2 : 1
Bedryfsverhouding	1.6 : 1
Vuurproefverhouding	0.6 : 1
Omsetkoers van handelsvoorraad	9 keer
Bruto wins persentasie op koste van verkope	33 $\frac{1}{3}$ %

- Die rentekoers op die lening vanaf Rand Bank is 21% p.j. en die rente betaal gedurende die huidige jaar beloop R57 600.
- Vennoot Isha verdien 'n totaal van R37 000 vir die jaar 20.9.

Gevra

- Opbrengs op ekwiteit
 - Bereken die persentasie opbrengs verdien deur die onderneming vir 20.9. (4)
 - Bereken die persentasie verdien deur Isha. (4)
 - Lewer kommentaar op die bogenoemde verhoudings. (4)
- Skuld: Ekwiteitsverhouding
 - Bereken die Skuld: Ekwiteitsverhouding vir 20.9 (3)
 - Lewer kommentaar op die verhouding. (2)
 - In jou opinie was dit 'n goeie idee om die lening te verhoog? Motiveer. (4)
- Handelsvoorraad en Verkope
 - Bereken die gemiddelde koers van handelsvoorraadomset vir 20.9. (3)
 - Het die onderneming sy beleid verander oor hoe om die prys te bereken? Verduidelik kortliks. (4)

- 3.3** Het die onderneming se beleid 'n gunstige of ongunstige effek op die finansiële resultate van die onderneming vir 20.9 gehad. Verduidelik kortliks. (4)
- 4** Likiditeitverhoudings
- 4.1** Bereken die Bedryfsverhouding vir 20.9. (3)
- 4.2** Bereken die Vuurproefverhouding vir 20.9. (3)
- 4.3** Lewer kortliks kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming vir 20.9. Verduidelik ook die effek wat handelsvoorraad op die likiditeitsposisie vir 20.9 gehad het. (6)
- [42]**

Vraag 5 (22 minute)

Die volgende inligting was verkry uit die boeke van Boots Hiking Klub. Die jaarlikse ledegeld is R2 800 per lid per jaar. Die rekeningkunde periode eindig op 31 Desember elke jaar.

Inligting

UITTREKSEL: NA SLUITINGSALDO 31 DESEMBER 20.8

Vooruitbetaalde uitgawes
(Skryfbehoeftes R3 900; Lone R12 500)
Handelsvoorraad verversings (200 blikkies teen 'n koste van R5 elk)
Vooruitontvange inkomste (Ledegeld)
Opgelope inkomste (Ledegeld)
Opgelope uitgawes (Honorarium aan sekretaris)

Debiet	Krediet
16 400	
1 000	
	5 600
11 200	
	6 000

UITTREKSEL VANAF DIE:

STAAT VAN ONTVANGSTES EN BETALINGS VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20.9

ONTVANGSTES

Ledegeld:	20.8	8 400
	20.9	112 000
	2.10	28 000
Verversings verkoop (teen R7.50 per bottel)		29 250

BETALINGS

Terugbetaling van van fooie aan lede wat bedank het	11 200
Verversings aangekoop (4 000 bottels vrugtesappe)	20 000

UITTREKSEL UIT ALGEMENE GROOTBOEK

Dt.	VERVERSINGS				Kt.
20.9				20.9	
Jan 1	Handelsvoorraad voorhande	1 000	Des 31	Bank Verlies a.g.v. diefstal	29 250
Des 31	Bank Inkomste en uitgawe	20 000		Handelsvoorraad voorhande	?
		?			900
		?			?

Aansuiwerings en addisionele inligting

- Ledegeld:
 - » Ledegeld nog uitstaande vir die vorige jaar moet afgeskryf word en die lede se name moet uit die register van lede met effek vanaf 1 Januarie 20.9. verwyder word.
 - » Sommige lede het nog nie hulle betaling vir die huidige finansiële jaar gemaak nie.
- Verversings:
 - » 4 000 blikkies vir kontant aangekoop gedurende die jaar.
 - » Daar was 180 blikkies voorhande op 31 Desember 20.9.
 - » Die verversings is verkoop teen 'n wins van 50% op kosprys.
 - » Die voorsitter vermoed dat van die blikkies weg is.

Gevra

- 1 Voltooi die LEDEGELD rekening. Sluit die rekening op 31 Desember 20.9 af. (18)
 - 2 Die klub voorsitter voel dat die klub die v probleme het oor die invordering van ledegeld en beheer oor verversings.
 - 2.1 Ledegeld:
 - 2.1.1 Noem twee feite om die voorsitter se bekommernis oor ledegeld te ondersteun. Gebruik syfers van die vraag om jou antwoord te ondersteun. Let daarop dat die klub 50 lede het. (4)
 - 2.1.2 Watter advies kan jy die voorsitter gee? Verskaf twee aanbevelings. (4)
 - 2.2 Verversings
 - 2.2.1 Verwys na die onvolledige VERVERSINGS rekening voorsien. Identifiseer die aantal blikkies wat vermoedelik weg is. Toon 'n berekening om jou antwoord te motiveer. (6)
 - 2.2.2 Watter advies kan jy die voorsitter gee? Verskaf twee aanbevelings. (4)
- [36]

Vraag 6

(18 minute)

Die rekeningkunde periode van Scented Wax Manufacturers eindig jaarliks op die laaste dag van Februarie. Addisioneel tot die vervaardigingsafdeling, het die onderneming ook 'n Verkoops- en 'n Administratiewe afdeling.

Inligting

Saldo's	28 Feb 20.9	29 Feb 20.8
Werk-in-proses	18 173	22 000
Klaarproduktevoorraad	34 000	24 000

Transaksies gedurende die jaar:	R
	590 000
Aankope van rou material vir kontant	44 500
Vraggeld op aankope van rou material op kontant	18 600
Aankope van fabrieksmeermiddels (verbruiksvoorraad) vir kontant	12 400
Aankope van skoonmaakmiddels vir Administratiewe gebruik	150 000
Aankope van fabriekstoerusting op 31 Augustus 20.8	307 200
Vervaardigingslone	140 900
Salarisse: Fabriekspersoneel (ingesluit mediese fonds en WVF)	160 000
Administratief personeel	300 000
Verkoopspersoneel	36 950
Versekering	65 200
Water en elektrisiteit	76 000
Diverse uitgawes: Fabriek	32 500
Administratiewe	32 440
Onderhoudskoste: Fabriek	4 140 000
Verkope van Klaarprodukte	

Addisionele inligting

- Die saldo van die verbruiksvoorraad op 28 Februarie 20.8 was vir fabrieksmeermiddels.
- Die werkgever dra aan die 1% van die werknemers se lone by aan die Werkloosheidsversekering op 'n Rand vir Rand basis aan die mediese fonds. Werknemers is lede van die MA4U (Medical Aid For You). Hulle betalings was soos volg:
Opsie Blueberry R800 per maand
Opsie Blackberry R600 per maand
Opsie Mulberry R500 per maand
Alle loonwerkers behoort aan die Blackberry opsie en alle salaristrekkers aan die Blueberry opsie.
Werknemers is soos volg:
Die fabriekswerkers is vanaf 1 Maart 20.8. in diens en 'n addisionele werker was op 25 Februarie 20.9 aangestel.
1 × fabrieksvoorman
2 × Administratiewe personeel
2 × verkoopspersoneel.

- 3 Die volgende loon van 'n nuwe werknemer, wat op 25 Februarie 20.9 begin het was foutiewelik uit die loonjoernaal uitgesluit. Geen inskrywing is nog gemaak nie.
- | | |
|---------------|-------|
| | R |
| Bruto Lone | 1 600 |
| SAID (LBS) | 240 |
| Mediese fonds | 300 |
| WVF | 16 |
- 4 Gedurende die jaar was 230 000 identiese items vervaardig.
- 5 DIREKTE MATERIAAL en FABRIEK BOKOSTE rekeninge soos dit in die Algemene Grootboek verskyn:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SCENTED WAX MANUFACTURER									
BALANSSTAATAFDELING									
Dt.		DIREKTE MATERIAAL HANDELSVOORRAAD					B1		Kt.
20.8					20.9				
Mrt.	1	Saldo	a/b	32 000	Feb	28	Direkte materiaal uitgereik	o/b	638 000
20.9							Saldo		51 825
Feb	28	Bank		590 000					
		Krediteurekontrolle		23 325					
		Bank		44 500					
				689 825					689 825
20.9									
Jul	1	Saldo	a/b	51 825					

KOSTE REKEKINGE-AFDELING									
FABRIEKSBOKOSTE						C3			
20.9				20.9					
Feb	28	Indirekte arbeid	140 900	Feb	28	Werk-in-proses			
		Fabriek: Water en elektrisiteit	52 160			Handelsvoorraad			497 335
		Waardevermindering	159 000						
		Fabriek: onderhoud	32 400						
		Versekering	18 475						
		Diverse uitgawe	76 000						
		Indirekte materiaal	18 400						
			497 335						497 335

Gevra

- 1 Bereken die direkte arbeidskoste. (10)
- 2 Stel die volgende Algemene Grootboekrekeninge op:
- | | |
|--------------------------------|------|
| WERK-IN-PROSES HANDELSVOORRAAD | (12) |
| KLAARPRODUKTEVOORRAAD | (8) |
| | [30] |

Vraag 7

(35 minute)

Jy is voorsien met inligting rakende Teak Stores. Teak Stores verkoop klere en bykomstighede.

Inligting

- 1

Die finansiële jaar van die onderneming eindig op 31 Augustus.
- 2

Die vaste bateregister reflekteer dat die onderneming twee voertuie aan die begin van die finansiële jaar het. Die volgende saldo's verskyn in die Algemene Grootboek op 1 September 20.8:
Voertuie (teen kosprys) R720 000
Opgelope waardevermindering op voertuie R440 000
- 3

Die waardeverminderingskoers op voertuie is 20% p.j. op kosprys.
- 4

Vraggeld op Aankope vir die jaar beloop R342 000 vir die jaar.
- 5

Die HANDELSVOORRAAD rekening het 'n saldo van R155 000 op 1 September 20.8.
- 6

Die handelsvoorraadopname op 31 Augustus 20.9 toon handelsvoorraad voorhande as R 120 000.
- 7

Die volgende rekeninge verskyn in die Algemene Grootboek:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN TEAK STORES							
Dt.				VERKOPE			
				Kt.			
				20.9			
				Aug	1	Saldo	a/b
					31	?	DJ8
						Bank	KOJ8
							1 880 000
							636 000
							331 200
							2 847 200
AANKOPE							
20.9				20.9			
Feb	28	Saldo	a/b	Feb	28	Krediteure-afslag	KAJ
		Bank	KBK			Onttrekkings: Tumi	AJ
		?	KJ			Donasies	AJ
						Handelsvoorraad	AJ
							45 000
							24 000
							21 000
							1 402 500
							1 492 500
BATEVERKOPE							
20.9				20.9			
Mei	31	Voertuig	AJ8	Mei	31	?	AJ8
						Onttrekkings: Tulani	AJ8
			450 000				337 500
							112 500

Gevra

- 1

Is die onderneming 'n eenmansaak, vennootskap of maatskappy? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(3)
- 2

Gebruik hierdie onderneming die deurlopende voorraadstelsel of die periodieke voorraadstelsel? Verduidelik kortliks jou antwoord.

(3)

- 3 Watter voorraadstelsel bied die meeste interne beheer oor handelsvoorraad volgens jou opinie? Verduidelik kortliks. (4)
- 4 Wat was die bruto wins persentasie gebruik deur Teak Stores teen die einde van Julie 20.9? (9)
- 5 Teak Stores koop dasse vanaf vervaardiger vir R120 elk.
- 5.1 Bereken die verkoopsprys van die das, uitgesluit BTW. (3)
- 5.2 Bereken die bedrag van BTW wat die onderneming betaal op die das. (3)
- 5.3 Bereken die bedrag wat op die prysetiket van die das sal verskyn. (3)
- 5.4 As interne ouditeur verduidelik kortliks een problem wat in 'n onderneming met betrekking tot BTW kan ontstaan. (2)
- 6 Noem die rekening wat gedebiteer sal word as die resultaat van die inskrywing van R636 000 op die kredietkant van die VERKOPE rekening. (2)
- 7 Noem die rekening wat gekrediteer sal word as die resultaat van die inskrywing van R107 500 op die debietkant van die AANKOPE rekening. (2)
- 8 Watter rekening sal gedebiteer word as die resultaat van die inskrywing van R337 500 op die kredietkant van die BATEVERKOPE rekening? (2)
- 9 Op watter manier was die voertuig verkoop bv. vir kontant, op krediet, oorgeneem deur eienaar of ingeruil? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)
- 10 Hoe oud was die voertuig wat nou verkoop Is? Verskaf die antwoord in jare en maande. (5)
- 11 Bereken:
- 11.1 Die waardevermindering op die oorblywende voertuig vir die jaar geëindig 31 Augustus 20.9. (4)
- 11.2 Die waardeverminderingbedrag wat in die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 20.9 sal verskyn. (5)
- 12 Verduidelik hoe die vaste bateregister kan help om interne beheer oor vaste bates te beoefen. (4)

[57]

TOTAL: 300